

Saterdag 6 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 33

Fokusgedeelte: Psalm 33:12

Blydskap is om die Here as jou God te hê

Welgeluksalig vertel ons van blydskap en seën in die oortreffende trap. Niks op aarde kom daarby nie. Hierdie blydskap en seën word verbind aan 'n nasie wie se God die HERE is. Hierdie skeppingspsalm vertel dat God die Skepper is wat deur sy Woord alles gemaak het. Hy het dit gemaak en onderhou dit steeds. By Hom is alles vas en seker.

Hy troon in die hemel en kyk vandaar na al die bewoners van die aarde. Hy aanskou ons hart en wandel. God is die HERE wat in 'n verbondsverhouding tot ons staan. Hy wil ons God wees en is ons God. Hy is nie net Skepper en Onderhouer nie, Hy openbaar dat ons deel is van die volk wat Hy uitgekies het as sy erfdeel. Ons is syne!

Ons troos en blydskap is om te weet dat die gedugte God en HERE ons Vader is. Hy het tot die uiterste gegaan om ons sy kinders te maak. Hy het sy eie Seun in die sondige wêreld gestuur om ons as regverdige kinders voor Hom te stel. Hy deur Wie alles ontstaan het, bewaar ons in die greep van sy almagshand saam met ons Vader, sodat niemand ons uit sy hand kan ruk nie. Hy het 'n nuwe lewe deur sy Heilige Gees in ons gewek. Dit is 'n lewe van blydskap in die Here!

Ons blydskap kry deur sy goedheid 'n nuwe koers. Ons lewe in dankbaarheid in die wete dat die oog van die HERE gerig is op dié wat Hom vrees en op sy goedheid wag.

Wat 'n vreugde! Onder God se wakende oog juig ons nie alleen van blydskap nie, maar het ons die vermoë om die HERE met ons lewe te verbly. Ons kan God verbly deur die vaste geloofsvertroue dat Hy ons siel gered het van die dood. Ons kan Hom dank en loof met 'n nuwe lied, want selfs in tye van uiterste nood hou Hy ons in die lewe.

Ons blydskap is in die HERE ons God wat ons ewige verlossing geskenk het; en hoe heerlik is dit nie dat Hy die blydskap in ons uit sy woonplek in ons werke kan sien!

Sing: Psalm 107-1:1, 10

Ds. MJ Smidt (Tinus) (Emeritus)